HAMBURGERBRAAI

Die volgende gemeente-aand en hamburgerbraai

VRYDAGAAND
30 Augustus 2024

Die Hamburgerbraai word geskuif van 23 Augustus na 30 Augustus 2024

DANKOFFER-BYDRAE EN KOLLEKTES SE INBETALINGS

Lidmate word daaraan herinner om u **maandelikse dankoffer-bydrae** in te betaal in die **Kerkraad se rekening**. Dui asseblief u naam, van, en wyknommer duidelik aan.
Bydraes vir die diakonie asook die ander **spesiale kollektes** kan inbetaal word in die **Diakonie se rekening**. **Gee asb 'n duidelike verwysing by u bydraes sodat dit korrek toegewys kan word.**
Besonderhede van die rekeninge word hier onder gegee.
Kerkraad: **Gereformeerde Kerk Potchefstroom.**
Diakonie: **Diakonie GK Potchefstroom**.
Susters: **Susters van die Gereformeerde Kerk Potchefstroom**
Bank: Potchefstroom.

DIAKONIE SE KOSKAS

Vir die Diakonie se koskas: Gooi 'n ietsie ekstra in u kos-waentjie en bring dit kerk toe.

Cup a soup, minute noedels, koffie, tee, melk, suiker, mielies, sout, waspoeier, grondboontjiebotter, blikkies vleis, pasta, beskuit, aanmaak-koeldrank. Mieliemeel. Skottelgoedseep, toiletpapier.
(Indien moontlik voorsien pakkies van 1 kilogram).



Op die Kerkwerf

Gemeenteblad van die Gereformeerde Kerk Potchefstroom
Jaargang 40, nr 24 Sondag 4 Augustus 2024
REDAKTEUR: RUDY VAN DER SPOEL **082 864 4422**
rudynell@telkomsa.net

Eredienste: 09:30 en 17:00 **Prediker:** Ds Jannes van Dyk **072 224 7181**
Kantoor 018 294 4600 Faks: 086 610 9283 **Hulpprediker:** Prof Callie Coetzee **082 337 7951**
Orrelis: Magda Pelser-van der Merwe **079 872 2516** **Koster** Pieter Bouwsema **082 923 1384**
E-posadres: kantoor@gkpotchefstroom.co.za **Web:** www.gkpotchefstroom.co.za

Diensbeurte by eredienste en kategese:
Ouderlinge: Wyk 9 **Harm Stavast** en Wyk 10 **Frans Coetzee.**
Diakens: Wyk 9 **vakant** en Wyk 10 **vakant.**
TEEBEURT: Susters: wyke 1 en 2, Ina Roos en Malie Wyma

EREDIENSTE Oggend prof Callie Coetzee, middag ds Jannes van Dyk

Goeiedag broers en susters, kinders en besoekers

Oggenddiens om 9:30. Eredienste ook per whatsapp
Onthou die middagdiens begin om **17:00** in die winter

OGGEND: Ons is dankbaar dat prof. Callie Coetzee vanoggend in die erediens voorgaan. Ons dank die Here vir die gawes wat Hy in prof. Callie en Susan aan die gemeente skenk en dat hulle ook met soveel vreugde dit in die gemeente aanwend. Ons bid u die ryke seën van die Here toe op die prediking vanoggend en op u kosbare dienswerk in die gemeente.
Vooraf sang: Skrifberyming 12-3:1, 2
Sang tydens die diens: Psalm 46: 1, 5, 6; Psalm 119:52; Skrifberyming 31:1, 2 (7-1); Skrifberyming 12: 2, 4 (6-2).
Skriflesing: Matteus 24
Sang met meelewing: Psalm 134: 4.

MIDDAG: Erediens om 17:00
Woordbediening: Efesiërs 3. **Fokusverse:** Efesiërs 3: 20-21.
TEMA: *Die sekerheid van gebedsverhoring lê in die wil en die vermoë van ons Vader om alle goeie dinge tot sy eer te gee.*
Belydenis: Heidelbergse Kategismus, Sondag 52, V&A 128-129.
Sing: Psalm 43:2, 3, 4; Psalm 89:3, 4, 5; Skrifberyming 15-1:1, 2, 3, 4; Skrifberyming 1-10:1, 2, 3.

Kollektes vanoggend: ***Diens van Barmhartigheid*** in die **BLOU** sakkies en in die ROOI sakkies vir die ***Emeritaatsversorging***

Vanmiddag: ***Diens van Barmhartigheid*** ***(BLOU)***en ***Kerkkas*** ***(ROOI)*** (Volgende week se spesiale kollekte is vir die ***GKSA Sustentasiefonds*****)**

LIEF EN LEED OOG VIR MEKAAR

MEELEWE

'n Neef van Prof Callie en Alta Pretorius is die afgelope week na 'n swaar lyding oorlede. Hy was 'n wewenaar en ook 'n swaer van Lenie Bouwsema en Magriet du Plessis. Ons betuig ons meegevoel met sy dierbares, in besonder sy twee seuns en hulle eggenotes en kinders, asook sy enigste oorlewende broer. Mag ons God van alle vertroosting hulle ryklik vertroos. Prof Callie sal Donderdag uitstedig wees om die teraardebestelling te behartig.

VOORBIDDING

Ons doen graag voorbidding vir die volgende broers en susters en hulle geliefdes. Mag ons hemelse Vader u in sy liefde en trou vashou, dra en ook vir u uitkoms gee:

Magda Opperman is Woensdag uit Mediclinic ontslaan en terug by Flippie in hulle woonstel. Ons dank die Here vir die beterskap wat sy ervaar en bid hulle sy ryke seën toe.

Jane Coetsee is nog in Mediclinic. Ons bede is dat die behandeling wat sy ontvang genesing sal bring en bid haar en Tillie ons Vader se ryke genade toe

Dora Reynecke is nog in die M-Care Hospitaal waar sy rehabilitasie ontvang.

Anna Havenga se gesondheid is die afgelope tyd onder druk.

Sybrand van der Merwe het Donderdag 'n operasie aan sy nek ondergaan en sal tot Saterdag in die hospitaal wees.

Wymie du Plessis het sedert verlede naweek las van haar gesondheid en moet later hierdie maand vir diagnostiese prosedures gaan. Die chirurg sal Woensdag besluit wanneer die prosedures sal plaasvind.

Ons doen voorbidding vir elke lidmaat wat in die versorgings-eenhede van die verskillende aftree-oorde of tuis versorg word. Mag ons hemelse Vader u elkeen met u dierbares in sy liefde en genade dra.

DANKBAARHEID

Ons deel in die dankbaarheid en in die vreugde van ons broers en susters en ook in die dankbaarheid van hulle en hulle geliefdes vir wie daar deur ons Here se genade uitkoms gekom het na siekte en beproewing: **Hendra Bouwsema** het 'n geslaagde heupvervanging ondergaan en is Donderdag ontslaan.

HUWELIKSHERDENKINGS

Ons deel in die vreugde en dankbaarheid van ons broers en susters wat in die komende week hulle huweliksherdenkings vier. Vandag is **Hannes en Susan Coetzer** (**45** jaar) getroud. Mag ons Here u steeds met sy genade vervul en gee dat u in alle godsaligheid en liefde saam verbind lank en heilig mag lewe (huweliksformulier)!

ATTESTAAT ONTVANG:

Ons verwelkom in ons midde **Susanna Hendrina Kleyn** (geb. Walker).. **Suzie** woon in Huis Eikelaan, TB407. Haar telefoon is. Sy verjaar 23 September. Sy is ingedeel in Wyk 11. Die ouderling is Fanie Jooste, die diaken Pieter Jooste en die wyksuster is Wymie du Plessis.
Baie hartlik welkom!

VERJAARDAE GEDURENDE DIE WEEK

Baie geluk aan die lidmate wat D.V gedurende hierdie week hulle verjaardag vier! Saam met u dank ons die Here vir Sy groot genade en bid ons dat Hy u ook in die nuwe lewensjaar ryklik sal seën tot die eer van sy Naam!

Dag	Datum	Naam en van
Ma	05/08	**Doane Vorster.** Wyk 9
Do	08/08	**Mia Huisman.** Wyk 5
Wo	09/08	**Hanró van Dyk.** Wyk 2

Bede met meelewing: Psalm 134: 4.

ALGEMENE AFKONDIGINGS

DAGBOEK

Dag	Datum	Tyd	Aktiwiteit	Vergaderplek
Siekebesoek, pastorale besoeke en huisbesoeke volgens afspraak				
Di	06/08	15:00	Bybelstudie- Huis Eikelaan	**Rooi sitkamer**

KATKISASIE	Sondag 4 Augustus	Sondag 18 Augustus
Lesrooster: **Psalmvers:** **Heidelbergse Kategismus:** **Memoriseerwerk (Gr. 1-2)**	Les 18 Skrifberyming 1-1: 7 Sondag 45 Eksodus 20: 7	Les 19 Skrifberyming 1-2: 2a Sondag 45b Eksodus 20: 8
Katkisasie toesig (ouderlinge):	Graad 5 & 6: Wyk 9 Graad 7: Wyk 10	Graad 1 & 2: Wyk 11 Graad 3 & 4: Wyk 12
Hoërskoolkatkisasie	Les 12	Les 13

Erediens – Huis Eikelaan

Op Sondag 11 Augustus vind die erediens in die Kapel van Huis Eikelaan om 15:30 plaas onder leiding van prof. Francois Muller van die Teologiese Skool. Die ouderlinge van wyk 11 en wyk 12 (Fanie Jooste en Nico Spaumer) sal die toesigbeurt waarneem.

Bybelstudie – Huis Eikelaan

Die Bybelstudie by Huis Eikelaan hervat weer eerskomende Dinsdag om 15:00 in die rooi sitkamer. Almal is hartlik welkom.

Bybelstudiegeleentheid

Onder van ons lidmate is daar die behoefte om saam Bybelstudie te doen. Van die studente en werkende jongmense en ook van ons ouer lidmate het die behoefte uitgespreek. Alle lidmate wat belangstel om by 'n Bybelstudiegroep in te skakel, is welkom om Woensdagaand om 18:00 by die kerksaal mekaar te ontmoet.

2025-SKOOLKALENDER

Kwartaal	Klasse	Vakansies
Eerste kwartaal	15 Januarie - 28 Maart 2025	29 Maart – 7 April 2025
Tweede kwartaal	7 April – 27 Junie 2025	28 Junie - 22 Julie 2025
Derde kwartaal	22 Julie - 3 Oktober 2025	4 Oktober – 13 Oktober 2025
Vierde kwartaal	13 Oktober - 10 Desember 2025	10 Desember – 14 Januarie

WAT VAN 'N KOPPIE WARM TEE OF KOFFIE OM DIE KOUE TE VERDRYF?

Die Susters van wyke 1 en 2 nooi almal uit om om na die erediens 'n koppie tee of koffie in die kerksaal te kom geniet

Huis Eikelaan

DIE EIKELAAN LIEFDADIGHEIDSBEHUISINGSTRUST

Vakature

Finansiële beampte

Die Finansiële beampte is verantwoordelik vir die verskaffing van finansiële, administratiewe, en verwante ondersteuningsdienste aan die Trustees en bestuur van Huis Eikelaan.

Verantwoordelikhede:

- Daaglikse kontrole oor banksake en -transaksies.
- Maandelikse samestelling van finansiële verslae.
- Ontleed en interpreteer finansiële data.
- Samestelling en administrasie van die begroting.
- Administreer salarisstelsel.
- Administreer krediteure en debiteure rekeningstate.
- Opnames en voorraadtelling.
- Kleinkas administrasie
- Samewerking met ouditeure vir jaarlikse oudit.
- Menslikehulpbron administrasie waaronder aanstellings en bedankings en byhou van tydstate en verlof.
- Bystand met algemene kantoor administrasie, skakeling en ontvangs.

Vereistes:

- Minstens 5 jaar bewese ervaring in finansiële administrasie.
- Toepaslike naskoolse opleiding in finansiële administrasie.
- Bewese rekenaarvaardigheid in veral MS Word en MS Excel.
- Kennis van die VIP finansiële betaalstaat transaksiesstelsel sal 'n aanbeveling wees.
- Die vermoë om selfstandig en noukeurig te werk en effektief onder druk te funksioneer en by sperdatums te hou.
- Uitstekende administratiewe en kommunikasievaardighede in Afrikaans en Engels.
- Kennis van die wetlike voorskrifte en werkswyses van Trusts en niewinsgewende organisasies sal 'n aanbeveling wees.

Sluitingsdatum: 7 Augustus 2024 om 12:00
E-pos navrae vir aansoekvorm kan gerig word aan: huiseikelaan@gmail.com
Navrae: Frans du Preez
Bestuurder: Huis Eikelaan.
018-293 0117